Pretoria- 15 Julie 2012

Skriflesing: Mattheus 26:57-67; Mattheus 27: 50-56; Mattheus 28:6-7
Heidelbergse Kategismus – **Sondag 17**
Teks: **Mattheus 26:65 Mattheus 27:51-53 Mattheus 28:6-7**
Sing: Ps. 118: 12,13; Ps. 9:7,8; Ps. 118: 7,8
Tussen die Goeie Vrydag van Sondag 16 en die Sondag, van Sondag 17 lê daar groot kontraste, broeder en suster. Goeie Vrydag was die dag van die dood, die dag van die kruisiging, die dag waarop die tempel, Christus se liggaam afgebreek is. Na sy bittere dood, sy lyde in die dood, ja die hel van hierdie dood, toe God Hom verlaat het, sou Jesus in ’n graf wegsink. Sy graf is verseël deur ’n groot klip daarvoor te rol. Die graf is selfs bewaak deur wagte. ’n Dubbele waarborg wat die mense probeer het om te keer dat Jesus sy graf sou uitkom.

Menslike waarborge of maatreëls kan God nie aan bande lê nie. Die Sondag van Sondag 17 het gekom….die dag van die opstanding. Die eerste van Jesus se trappe van verhoging. Sy trappe van vernedering was nou verby. Sy geboorte, sy lyde, sy kruis, sy neerdaal na die hel, sy dood, sy graf…alles nou verby. Nou is dit sy verhoging – sy opstanding, sy hemelvaart, sy gaan sit aan die regterhand van God en sy wederkoms. Sy vernedering en sy verhoging staan so in kontras met mekaar, soos wat daar baie kontraste in Jesus se lewe hier op aarde was.

***

Kontraste in wat geskeur is. Die hoëpriester skeur sy klere, wat sê dit vir ons? God skeur die voorhangsel van die tempel, wat sê dit vir ons? Daar lê ook kontraste in wat by die kruis gebeur het. Een oomblik is dit helder dag, twaalf-uur gedurende die dag en dan kom die skielike duisternis, want Jesus is aan die kruis. Selfs die twee misdadigers, moordenaars, saam met Jesus gekruisig. Watter kontras is daar tussen hulle twee! Vir die een moordenaar is Jesus ’n val, vir die ander ’n opstanding. Daar is ook die kontraste tussen die mense aan die voet van die kruis. Mense, vroue op ’n afstand wat met hartseer Jesus se lyde en dood moet staan en aanskou en tog is daar ook die mense aan die voet van die kruis wat baie bly is. Bly, omdat die Jesus die dood in die gesig staar.

En toe Jesus uit die graf opstaan. Weereens ‘’n kontras. Die wagte wat veronderstel was om te bewaak, hulle, die lewendes wat veronderstel is om die dooie te bewaak, maar toe die dooie begin lewe, toe word die wagte soos dooies, want ons lees-*En uit vrees vir hom het die wagte gebewe en soos dooies geword.*

‘’n Mens wil saam met Mattheus humor hierin raaksien, goddelike ironie, die kontras, hulle bewe, hardloop weg van die graf, val neer soos dooies van die skrik, maar toe Jesus se dissipels hoor die graf is leeg, Jesus het opgestaan, toe hardloop hulle na die graf. So is ons met dieselfde kontras besig. Met ons belydenis wil ons ook na die leë graf hardloop, terwyl daar mense is wat van hierdie graf wil weghardloop. Mense wat met leuens aanhou om teen God se opstanding te veg, soos daar van die begin af probeer is om met baie geld hierdie opstanding ongedaan te wil maak. Watter belaglikhede sal die mens nie nog alles teenoor God probeer nie?

***

Maar in ons gelese gedeeltes kon ons vandag ook sien, dat hoe Jesus terwyl Hy nog aan die kruis was, daar al die opstanding was, daar toe alreeds lewe was. Dood en lewe kom in Jesus vlak langs mekaar, want vlak na Jesus se dood kom daar die lewe. Daar is grafte wat oopgaan. Die dood van Jesus bring lewe op die Opstandingsdag, dat ons belydenis dit eerste kan noem – **dat deur sy opstanding het Hy die dood oorwin, sodat Hy ons die geregtigheid wat Hy deur sy dood verwerf het, deelagtig kon maak.**

By die kruis het daar ‘’n aardbewing gekom en die aardbewing skeur grafte oop. Sondag 17 begin eintlik toe alreeds…..Kajafas wat sy klere sou skeur, omdat Jesus die sogenaamde Godslasterlike is, Kajafas sou met ’n skok besef dat Jesus waarlik God is. Die Here weet die skeur van sy klere is bedrog is ’n skyn spel. Die Here sal die voorhangsels skeur, om hom Kajafas as hoëpriester te ontslaan, maar ook om dadelik deur Christus vir ons ’n nuwe pad oop te maak. Om by die kruis, aan die voet van die kruis al die paaslig van die opstanding te laat skyn, deur mense wat lewend hulle grafte uitkom. Ons belydenis praat van om deur Christus se krag tot nuwe lewe opgewek te word. U sien hoe gebeur hierdie nuwe lewe, nog voor Jesus sy eie graf ingelê was.

Soveel te meer is hierdie krag van die nuwe lewe hier, nadat Christus sy graf lewend uitgegaan het. ’n Aardbewing het Jesus se graf ook oop geskud. En as ons belydenis praat om **deur krag tot nuwe lewe opgewek te word**, dan beteken dit nie dat hierdie nuwe lewe eers na ons dood in ons sal kom nie. Dit is lewe wat nou in ons moet kom. Lewe waarvan ons nou elke dag tot die Here moet bid en vra - …..O Here, maak U ons lewe nuut, gee aan my ’n nuwe hart, o God, ’n hart om u te dien en vrees, ’n hart soos twee van die drie manne waarvan ons vanoggend die gelykenis gelees het. Laat my nie soos Kajafas net sy klere skeur nie en nie sy hart nie, maar skeur u ons harte….*Skeur julle harte en nie julle klere nie,* is wat

u Woord ons tog leer. Dit is wat dit beteken om deur die krag van Jesus tot nuwe lewe opgewek te word. Jesus se opstanding maak dit alles moontlik.

Terwyl Jesus nog aan die kruis was sê Paulus in Kolossense 2 het *Jesus die owerhede uitgeklee en hulle in die openbaar ten toon gestel en daardeur oor hulle getriomfeer.* Nuwe lewe is in Christus se opstanding vas en seker, soos wat ons verlossing aan die kruis vas en seker is. Ons regverdigmaking is nou ook ons heiligmaking – Soos wat God heilig is, so moet ons heilig lewe. Ons ou mens wat ook aan die kruis vasgespyker is, ons skuldbrief daar vasgenael, moet nie meer my lewe deelagtig maak nie, maar die geregtigheid van God, wat Hy deur sy dood verwerf het, moet ons deel wees. Moet ons deelagtig maak.

***

Die Christelike geloof is al by geleentheid die geloof van die lente genoem. Elke keer as die winter verby is, dan word die wonder in die natuur voltrek. Die warm son bring helderkleurige botsels wat soos klein vonkies op die skynbaar dooie takke uitspring. Daardie "nuwe lewe wat gewek word" is ook in ons belydenis.

Kan u, u die chaos in Jerusalem indink, toe daardie nuwe lewe die strate instap. Die Sadduseërs wat die opstanding uit die dood verwerp, wat het in hulle koppe aangegaan. En ook Herodes, ons ken hom as iemand wat baie bang was dat 'n dooie weer lewendig kan word.

Herodes het op ''n stadium gedink dat Jesus is die vermoorde Johannes die Doper wat weer lewendig geword het en dit is waarom die kragte in Jesus werk. Vir sulke mense uit die dood was Herodes baie bang. Toe die strate van Jerusalem vol was van sulke mense, moes hy seker iets wou oorkom, maar hoe tragies, nooit lees ons dat hy ook in Jesus begin glo het nie. Hy wat die kruis, wat die graf, selfs lewe uit die graf kon aanskou, alles gaan by hom verby…hy glo nie! Daar het nooit deur Christus se krag, nuwe lewe in hom gekom nie.

***

Maar die opgestane mense bring ons ook by die derde deel van ons belydenis. **Die opstanding van Christus is vir ons 'n betroubare waarborg van ons salige opstanding.** Die tweede en die derde deel van ons belydenis is in hierdie opgewekte mense eintlik een saak. Hulle het die nuwe lewe, maar terselfdertyd ontvang hulle sommer ook die liggaamlike opstanding, soos wat die opstanding van Christus nou nog vir ons die betroubare waarborg van ons salige opstanding is.

God stuur hierdie mense wat dood was, maar lewe, die strate van Jerusalem in. Mense wat met die vinger na Golgota kon wys en sê, hierdie Jesus wat julle daar op Golgota gekruisig het, Jesus wat dood is, Hy lewe, soos wat ons nou hier lewendig voor julle staan. Ons is die eerstes wat in Hom kan lewe, deur sy kruis het daar vir ons lewe gekom. Ons is die boodskappers van sy lewe.

En ons vandag? Is ons boodskappers van sy lewe? In hierdie dae het ons gekom van kruis tot graf, tot opstaan, tot hemelvaart, tot gaan sit aan die regterhand van God…..tot Pinkster. Alles het gebeur, daar kort nog net een. Ons wag nog net vir die een en hierdie een is die wederkoms. Vanoggend het ons juis die gelykenis gehoor wat alles met die wederkoms te doen het en of ons waarlik gereed is daarvoor. Die gelykenisse waarvan ons een gelees het word ook die waaksaamheid gelykenisse genoem.

***

Is u gereed? Is ons werklik dié mense wat kan sê, ons lewe in Jesus Christus, so seker as wat Hy opgewek is en so seker as wat Hy daar aan die regterhand van God is. Is ons nou nog die boodskappers wat met oortuiging wil vertel van Christus se lewe, of dink ons dit is maar ander se werk, of net die werk van engele?

Dit is ons as mense wat vir Jesus nodig het, nie engele nie en ons as mense se saligheid is waarmee God hier besig is en daarom is dit ons as mense wat vir God moet antwoord en moet praat oor ons lewe. Mense wat die groot kontras tussen ons moet raaksien, erken en daaruit lewe. Die kontraste tussen GELOOF EN ONGELOOF!

As gelowiges het ons rede om op Sondag, die Opstandingsdag bly te wees en fees te vier. Ons moet die voorreg weereens besef wat die lewe in Christus vir ons beteken. Die feit dat Christus opgestaan het, dat Christus weer lewe, dit bring nie net vir my in Christus nie, maar hierdie lewe bring Christus in my. Ek word Christus deelagtig. Ek deel in sy opstanding. ONS IN CHRISTUS, CHRISTUS IN ONS is deur die geskeurde voorhangsel, is deur die lewe, is deur die geloof in Christus ’n moontlikheid en werklikheid.

Laat ons dan lewe uit die werklikheid van Christus se opstanding. Laat ons ophou om te maak of vandag maar ’n vanselfsprekendheid is. Of die geloof…..of die sakramente vanselfsprekend is. Dan maak ons soos mense wat alreeds gearriveer het. Ons dink aan die

wat heeldag en aldag wil maak of die saligheid (alreeds) ons deel is, ons maak asof die einde van die lewens wedloop alreeds gehardloop is, ons maak asof die stryd klaar gestry is.

God soek nie hierdie mense soos Kajafas wat met vertoon hulle klere kan skeur, maar nie hulle harte nie. Vir sulke mense is die kerk ’n kerk wat my moet dien, maar ek wil nie dien nie. Mense wat dink dat die erediens is daar vir die mens en nie besef dat die mens is daar vir die erediens nie. By elke erediens moet ek nie eerste wil vra, wat kan ek hieruit haal, of wat het ek geleer of wat het die erediens vir my beteken nie, maar vra eerder wat kan ek hier gee, wat kom maak ek hier, wat kan ek hier vir God en sy kinders beteken, hoe kan ek God vanuit Christus se opstanding nog beter dien.

AMEN